

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aanstek van die kerse

Lied 464

O Heer my God, as ek in eerbied wonder –
en al u werke elke dag aanskou:
Die son en maan, die aarde, sterre, wolke,
hoe U dit elke dag so onderhou...

*Dan moet ek juig, my Redder en my God!
Hoe groot is U; hoe groot is U!
Want deur die hele skepping klink dit saam:
Hoe heerlik, Heer, u grote Naam!*

Ek sien die veld – die bosse, berge, vlaktes.
Ek hoor hoe fluister grasse, stroom en wind.
O Heer, U sorg vir klein, vir groot, vir alles
en U sorg dag na dag vir my, u kind.

Woorddiens

Tema: Die dinge waarna ons uitsien en
hoekom?

Skriflesing: Psalm 84

Broodjies vir die pad

In each of us dwells a pilgrim. It is the part of us that longs to have direct contact with the sacred.

Phil Cousineau

Pilgrims are persons in motion passing through territories not their own, seeking something we might call completion, or perhaps the word clarity will do as well, a goal to which only the spirit's compass points the way.

H. Richard Niebuhr

“We who bore the mark might well be considered by the rest of the world as strange, even as insane and dangerous. We had awoken, or were awakening, and we were striving for an ever perfect state of wakefulness, whereas the ambition and quest for happiness of the others consisted of linking their opinions, ideals, and duties, their life and happiness, ever more closely with those of the herd. They, too, strove; they, too showed signs of strength and greatness. But as we saw it, whereas we marked men represented Nature's determination to create something new, individual, and forward-looking, the others lived in the determination to

stay the same. For them mankind--which they loved as much as we did--was a fully formed entity that had to be preserved and protected. For us mankind was a distant future toward which we were all journeying, whose aspect no one knew, whose laws weren't written down anywhere.”

— Hermann Hesse, *Demian*. Die Geschichte von Emil Sinclairs Jugend

Hermann Hesse was a German-Swiss poet, novelist, and painter. In 1946, he received the Nobel Prize in Literature. His best known works include *Steppenwolf*, *Siddhartha*, and *The Glass Bead Game* (also known as *Magister Ludi*) which explore an individual's search for spirituality outside society.

In his time, Hesse was a popular and influential author in the German-speaking world; worldwide fame only came later. Hesse's first great novel, "**Peter Camenzind**", was received enthusiastically by young Germans desiring a different and more "natural" way of life at the time of great economic and technological progress in the country.

Throughout Germany, many schools are named after him. In 1964, the Calwer Hermann-Hesse-Preis was founded, which is awarded every two years, alternately to a German-language literary journal or to the translator of Hesse's work to a foreign language. There is also a Hermann Hesse prize associated with the city of Karlsruhe, Germany.

https://www.goodreads.com/author/show/1113469.Hermann_Hesse

Peter Camenzind, a young man from a Swiss mountain village, leaves his home and eagerly takes to the road in search of new experience. Traveling through Italy and France, Camenzind is increasingly disillusioned by the suffering he discovers around him; after failed romances and a tragic friendship, his idealism fades into crushing hopelessness. He finds peace again only when he cares for Boppi, an invalid who renews Camenzind's love for humanity and inspires him once again to find joy in the smallest details of every life.

https://www.goodreads.com/book/show/71943.Peter_Camenzind

En wat van iets spesiaals vir Vrouemaand?

Wilhelm Jordaan

“Vrouemaand is al amper om en jy't nog nie iets spesiaals oor vroue geskryf nie,” kla 'n gereelde leser. Ek protesteer en wys haar daarop dat ek in die einste Augustus twee keer vroue se lof besing het.

Eers oor die “Vowels”, my akroniem vir die Vereniging van Onregeerbare Welsprekende Susters, en toe oor 'n meisie wat haar dom gehou het om 'n kêrel wat gedink het hy is slim te laat les opsê.

“Maar dis nie iets spesiaals nie,” sê die leser.

Nouja, toe. Eintlik is ek gekant teen die gedagte van “iets spesiaals” vir vroue op 'n bepaalde dag of maand, want dit loop so maklik uit op onnadenkende patriargie by monde van die “onheilige alliansie” tussen “mighty men” en “worthy women”.

So byvoorbeeld herinner ek my werkvergaderings waar vroue dikwels deur voorsittende mans vriendelik-liefies bedank

word vir dié “iets spesiaals” wat hul teenwoordigheid kenmerk – hulle wat vir “ons” koek gesny, tee geskink en “ons” met hul skoonheid vereer het.

Mans word nie bedank nie. Die belangrikheid van hul eiesoortige teenwoordigheid spreek mos vanself! Dié manier van doen en praat bevestig dat ons steeds ’n mans-oorheerste samelewing het, ongeag die vordering wat gemaak is. Subtiel sê dit ook vroue is gans anders as mans en het nie dieselfde vermoëns nie. Vandaar hul mindere rol in die werkplek.

Navorsing wys die teendeel: Vroue se intellektuele vermoëns is nie anders nie. Verskille wat in die verlede waargeneem is, het berus op stereotipes wat vroue weerhou het van geleenthede om sekere vermoëns te ontwikkel. Toe die geleenthede kom, het hulle floreer, en hul vernuf en prestasies oortref dikwels dié van mans.

As dit dan nou moet, dink ek vroue se “iets spesiaals” het dalk te doen met hul eiesoortige leierskap in die werkplek. Mans as leiers neig na ’n rasonale sin vir regverdigheid. Daarom hanteer hulle byvoorbeeld verhoudingsprobleme grootliks deur billike reëls van “reg en orde”.

Vroue se leierskap het te doen met hoe hulle histories en kultureel gevorm is. Vandaar hul sterk oorlewingsinstink: Hoe sal dié moeilike situasie prakties beredder kan word?

Daaruit het die neiging tot selfopoffering gekom. En ’n mans-oorheerste samelewing het dit aangemoedig en doen dit steeds: Wees ’n dienende Martha tuis én by die werk.

Oorlewing en selfopoffering het vroue as’t ware voorberei vir ’n unieke eienskap van hul leierskap – ’n regverdigheidsin gedra deur dié vraag: Watter optrede of oplossing toon die diepste sorg teenoor mense? Sodat die mees praktiese oplossing dié een is wat sorgsaamheid teenoor alle mense in die werkplek demonstreer.

Dié “iets spesiaals”, tesame met vroue se bewese bekwaamhede gelykwaardig aan dié van mans, is ’n ryk bron vir ’n deernisvoller, sorg-samer én doeltreffender samelewing.

Vroue en mans moet dit saam ontgin. Dít sal waarlik iets spesiaals wees.

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/en-wat-van-iets-spesiaals-vir-vrouemaand-20180821>

In my case Pilgrim's Progress consisted in my having to climb down a thousand ladders until I could reach out my hand to the little clod of earth that I am.

Carl Jung

Brood vir die pad

Is waarheid altyd kragteloos in die politieke ruimte?

RRV

Daar is die afgelope paar jaar ’n drastiese toename in die verkope van George Orwell se distopiese roman *Nineteen Eighty-Four*.

Hierdie boek van 1949 beeld ’n totalitêre bewind in 1984 uit waar mense heeltyd dopgehou en aan propaganda blootgestel word.

Onder die wakende oog van Big Brother, die leier van die Party, is daar nie individuele vryhede of ruimte vir weerstand

nie. Die samelewing word deur ’n aantal ministeries gereguleer, onder meer die ministerie vir waarheid.

Die hoofkarakter werk hier, in die afdeling waar historiese geskifte in lyn met die beleid van die Party “reggestel” word. Op dié ministerie se gebou staan die Party se slagspreuke: “War is Peace”; “Freedom is Slavery” en “Ignorance is Strength”.

Die hernude belangstelling in die boek het moontlik te make met ’n groeiende besef dat ons huidige “age of surveillance” (ook ten opsigte van die kuberruim) dalk nie so ver van Orwell se verbeelde politieke bestel verwyder is nie. En dit hou ook waarskynlik verband met die wyse waarop terme soos “post-waarheid” en “alternatiewe feite” in ons openbare gesprekvoering gebruik word.

Pilatus se vraag “Wat is waarheid?” (Johannes 18:38) is daarom beslis nie net die vraag van ’n Romeinse heerser in die tyd van Jesus nie. Ook in ons dag beur dit in verskillende gestaltes na vore.

Soos Orwell se boek, word ’n opstel wat die politieke denker Hannah Arendt in 1967 vir die tydskrif *The New Yorker* geskryf het, tans met nuwe aandag gelees. Arendt – wat in 1933 uit Duitsland gevlug en haar later in Amerika gevestig het – vra in “Truth and Politics” die ongemaklike vraag of dit dan tot die wese van waarheid behoort dat dit kragteloos in die politieke ruimte is.

In haar analise wys Arendt veral op die gevaar dat ons ’n feitlike waarheid as net nog ’n mening beskou. Asook dat die langdurige blootstelling aan propaganda en leuens tot ’n soort sinisme aanleiding kan gee wat maak dat die kategorie van waarheid nie meer vir ons in die werklike wêreld oriëntasie bied nie.

Sy onderstreep ook die belang daarvan dat die regbank, instellings van hoër onderwys, en die joernalistiek die verbintenis tot waarheid as hoogste kriteria vir spreke en handeling bly handhaaf.

Waarheid is belangrik, eindig Arendt haar op-stel, want – metafories gesproke – is waarheid “the ground on which we stand and the sky that stretches above us”. “Ignorance”, sou ons kon sê, is dus allesbehalwe “strength”.

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/is-waarheid-altyd-kragteloos-in-die-politieke-ruimte-20180817>

It is imperative that the past of the pilgrims' progress be intentionally carried forward into the present as we work into our future. Without it we cannot know who we are, why we are here, or where we can go. Without a common past to live out of we become aimless and wandering individuals instead of a pilgrim people.

H. Richard Niebuhr

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.

Ubi caritas, et amor

ubi caritas, Deus ibi est.